Donderdag 9 Mei 2013 (Hemelvaartsdag Pretoria)

Skriflesing: Handelinge 1:1-14; Openbaring 14:14-20
Teks: Handelinge 1:9-11; Openbaring 14:14
Sing- Ps. 104:1,2,3; Ps. 68:8; Ps. 47:1,3,4

Act 1:1 Die eerste verhaal, Theófilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus begin doen en leer het
Act 1:2 tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het;
Act 1:3 aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het.
Act 1:4 En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.
Act 1:5 Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.
Act 1:6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?
Act 1:7 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;
Act 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.
Act 1:9 En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en ‘n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.
Act 1:10 En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle,
Act 1:11 wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.
Act 1:12 Daarop draai hulle om na Jerusalem van die berg af wat genoem word Olyfberg, wat naby Jerusalem is, ‘n sabbatsreis ver.
Act 1:13 En toe hulle daar kom, gaan hulle na die bo-vertrek waar hulle gewoond was om te vertoef, naamlik: Petrus en Jakobus en Johannes en Andréas, Filippus en Thomas, Bartholoméüs en Matthéüs, Jakobus, die seun van Alféüs, en Simon, die Yweraar, en Judas, die seun van Jakobus.
Act 1:14 Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking, saam met ‘n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus, en met sy broers.

Rev 14:14 En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n wit wolk en een soos ‘n Menseseun wat op die wolk sit, met ‘n goue kroon op sy hoof en in sy hand ‘n skerp sekel.
Rev 14:15 En ‘n ander engel het uit die tempel gekom en met ‘n groot stem geroep na Hom wat op die wolk sit: Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het.
Rev 14:16 En Hy wat op die wolk sit, het sy sekel oor die aarde laat gaan, en die aarde is afgemaai.
Rev 14:17 En ‘n ander engel het uitgekom uit die tempel wat in die hemel is, en hy het ook ‘n skerp sekel gehad;
Rev 14:18 en ‘n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekom en met ‘n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword.

Rev 14:19 En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God.
Rev 14:20 En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, twee honderd myl ver.

Skriflesing: Handelinge 1:1-14; Openbaring 14:14-20
Teks: **Handelinge 1:9-11; Openbaring 14:14**
Sing- Ps. 104:1,2,3; Ps. 68:8; Ps. 47:1,3,4

Broeder en suster, vandag Hemelvaartsdag, is ’n hoogtepunt, nie net omdat Jesus die hoogtes in is nie, maar in die lewe van Jesus Self is die hemelvaart die hoogtepunt van sy weg en werk op aarde. Hy vaar op om die eerste plek in die heelal in te neem. Hy is in die hoogtes die Oorwinnaar. Oorwinnaar in ’n stryd wat eeue en eeue al aan die gang was. Dink maar aan waar het dit begin. In die paradys, ná die sondeval het die slang, die moordenaar en vyand van die begin af geveg om die kroon. Satan wil op die troon gaan sit. Met Jesus se hemelvaart is Satan die laaste nekslag toegedien. Die moederbelofte van die slang se vermorselde kop is vervul. Sy lyf ruk nog maar sy kop is stukkend. Jesus vaar op om sy plek in die hoogste hemele by die troon van God die Vader in te neem terwyl Openbaring ons berig dat in dieselfde tyd is Satan en sy volgelinge uit die hemel uitgewerp (Op 12:7-9).

Wanneer ons vandag Jesus in sy heerlikheid wil aanskou dan is die hemelvaart Jesus se roepingsvoltooiing. Ja, hier kan ons ook dink aan Elia se hemelvaart. Dit dui op ’n roeping wat nou afgehandel is. In Joh. 17 staan dit ook, dat die roeping wat God die Vader sy Seun gegee het, dit het Hy suksesvol voltooi. Hemelvaart is rede om fees te vier. God se oorwinningsfees is op die aarde maar ook bó die aarde aan die gang. Christus het nou ’n groter heerlikheid as wat Hy ooit gehad het. Daarom dat ons Christus in sy godheid en sy mensheid verenig sien. Sy goddelike en menslike natuur is ongeskeie, ongemeng, onveranderd en daarom is Hy God in die hemel, maar tegelyk is Hy Mens in die hemel. Ja, sê die Kategismus (Sondag 18), Hy is ware mens en ware God. **Wat sy menslike natuur betref is Hy nie meer op die aarde nie, maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie.** Die woorde van die Kategismus is so eie aan die aard van die Kategismus wel trooswoorde, maar hier staan duidelik oorwinnaarswoorde. Hy is by ons deur sy Heilige Gees, nooit sal Hy sy Gees van ons wegneem nie. Dit het ons Sondag in die Dordtse Leerreëls (Hf 5 par 6-7) ook

gehoor. God sal sy Heilige Gees nie van die mens wegneem nie, selfs al val God se kind in die jammerlike ellende en sonde, dan sal God steeds sy Gees by sy kind laat bly.

***

Wanneer ons as kinders van die Here hierdie belofte hoor, Jesus die Oorwinnaar oor die sonde, Oorwinnaar oor die dood, die graf, dan moet ons in besonder besef as Jesus na die hemel opvaar is daar onlosmaaklik aan sy hemelvaart verbind, sy WEDERKOMS. Hemelvaart, wederkoms, watter voorreg as God Self hierdie belofte maak dat so seker soos Hy opgevaar het, so seker gaan Hy wéér kom. In Handelinge 1, ons teksverse is dit die duidelike woorde van die twee manne in wit klere. Jesus sal *net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het...* Vandag herdenk ons Jesus se *heenreis,* ons weet daar sal 'n *terugreis* wees. Hemelvaart is die lyn wat van die aarde na die hemel getrek word, wederkoms is die lyn wat getrek sal word van die hemel na die aarde. Ons viering van hemelvaart is tegelyk 'n verwagting dat Hy weer gaan kom.

Ja, geliefdes kom ons, onsself hier ondersoek. Weet u, dit is een ding om te sê ek glo dat die wederkoms gaan plaasvind, dit is heeltemal reg om dit te glo, maar hierdie geloof moet nog 'n stappie verder kan gaan. Daar moet by ons 'n ware lewendige, geesdriftige verwagting wees. 'n Geloofsverwagting beteken vir jou en my baie meer as net 'n geloofstoekoms. Ja, die vraag is hoe staan dit met u en my verwagting?! Dae, maande, jare gly verby, ons probeer op 'n manier maar net by te hou, terwyl dit vanaand nodig is om stil te gaan staan en jouself die vraag te vra- verwag ek waarlik die Here... Totius het dit mooi gestel dat aan die toekoms *geloof* ons, sovêr as dit gaan, maar *verwag* ons dit werklik?! Is my geloof nie maar ook soos wat Petrus in sy tweede brief skrywe, dat ons deel uitmaak van die mense wat sê: *Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af* (2 Pet. 3:4). Daarom dat ons vanaand by die herdenking van die hemelvaart dit 'n slag naby mekaar bring. Die noue verband tussen hemelvaart en wederkoms. Ons maak dit eenvoudig deur net die volgende twee vrae te antwoord- die ooreenkomste wat die Here tussen die twee lê en daarna die duidelike verskil tussen die twéé ...

Eerste dan- die ooreenkoms tussen hemelvaart en wederkoms:

Die eerste punt van gelykheid is so opvallend. Dit lê in die wolk wat gesien is. Jesus gaan op in 'n wolk wat Hom voor hulle oë weggeneem het. Tog weet ons sy wederkoms sal weer as deel van 'n wolk wees. Ons teksverse in Openbaring 14 wys op wat Johannes gesien het- *ek het*

*gesien en kyk daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit...*Handelinge, Openbaring sien die lyn wat opgaan is daar 'n wolk, die lyn wat sal afgaan, weer 'n wolk. Dit kom eintlik alles ooreen met die profesie van Daniel- Dan 7:13- ***13*** *Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens...*

Nou is dit sekerlik van belang om hierdie ooreenkomste wat elke keer in die wolk geteken staan, nie maar as verbygaande te beskou, soos wat wolke gewoon by 'n mens kan verbydryf nie. Wolke is dikwels in die Bybel teken van God se teenwoordigheid. Ps. 104:3- sien die wolke as wa van die Here. Jes.19:1 sê die Here *ry op 'n vinnige wolk..* Ons kan die feit van God se teenwoordigheid en God se heerlikheid altyd bymekaar sien. In Eks.40:34 en ook in Num. 14:14, word die teenwoordigheid en die heerlikheid van die Here met 'n wolk aanmekaar verbind. Eks.40:34- ***34*** *Toe het die wolk die tent van samekoms oordek, en die heerlikheid van die HERE het die tabernakel vervul...* en dan kom Num. 14:14 waar dit van die Here gesê word- *Hulle het gehoor dat U, HERE, in die midde van hierdie volk is; dat U, HERE, duidelik waarneembaar verskyn; dat u wolk oor hulle staan en U in 'n wolkkolom voor hulle uit trek bedags en in 'n vuurkolom by nag.*

Ja soos met die tabernakel die geval was, weet ons dat by die inwyding van die tempel van Salomo het 'n wolk die huis vervul. 1 Kon 8:10-11 - ***10*** *En toe die priesters uit die heiligdom uitgaan, het die wolk die huis van die HERE vervul.* ***11*** *En die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die heerlikheid van die HERE het die huis van die HERE vervul.* Die wolk waarmee Jesus die hemele ingevoer is, het ook in die Nuwe Testament God se teenwoordigheid bewys. By Jesus se verheerliking op die berg gebeur dit- Petrus was nog besig om te praat staan in Matt.17:5 ***5*** *Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!*

So was dit die dag met die hemelvaart. Jesus se volle verheerlikte gedaante is deur 'n wolk voor die oog van sy dispels weggeneem. Nou besef ons die wolk sou nie Jesus langsamerhand opneem dat mens kan sien Hy vaar op, Hy word al kleiner, word naderhand 'n stippeltjie en dan sien mens niks meer nie. Dit is nie soos 'n ballon gevul met helium gas wat so stelselmatig

opdryf nie. Née, die wolk het Hom geheel en al oorskadu en oordek en so is Hy uit die gesig van sy dispels weggeneem. Sy koms sal nie wees eers ’n stippeltjie, hoog bó vér in die lig en dan kom Hy stelselmatig al nader nie, nee ’n wolk sal Hom bring en meteens as ons weer kyk is Hy hier.

***

’n Volgende punt van ooreenkoms wat tussen die hemelvaart en wederkoms ons moet opval is die naam wat van Jesus hier gebruik word. Die twee manne sê vir die dissipels- *Hierdie Jesus...wat van julle opgeneem is.* Jesus se Mensenaam word gebruik. Hy is ware mens, Hy wat die Seun van God is. Hy het vlees geword en onder ons kom woon. Dit sit alles in die Naam Jesus. So was Hy onder die mense bekend. Dit wat mense Hom aangedoen het, het hulle geglo dat hulle moet Jesus gevange neem, Hom martel, Hom kruisig, Hom doodmaak. In die Naam is opgesluit alles waarmee Hy verneder en mishandel was, maar ook sy omgang met alle mense, hooggeplaastes, maar ook die veragtes, die melaatses, die kreupeles, die blindes, die armes, hulle wat bedel, hulle het die Naam Jesus gebruik. Die twee manne sê vir die dissipels dieselfde Jesus gaan weer kom. Daar gaan niks aan Hom verander nie. Hy is Jesus, Hy gaan Jesus bly. Eeue en eeue verander aan Hom niks nie. Hy is gister en vandag en tot in alle ewigheid dieselfde.

In Openbaring is die aangrypende die feit dat Hy Menseseun genoem word. Watter besondere Naam as Hy Seun van die Mens genoem word. Daarin sit sy mensheid so sentraal soos dit moet wees. Hy was aan die mens gelyk, in alle opsigte, uitgesonder die sonde. Hy het sy siel gegee tot ’n rantsoen vir baie siele, Hyself wat siel en liggaam het. Hy is Mens, wat weet wat dit is om mens te wees. Wanneer die dissipels dit hoor, dan moes dit hulle troos dat aan Hom gaan niks verander nie, Hy gaan met dieselfde Naam, Hy gaan as dieselfde Mens na hulle terugkeer. Hy gaan as dieselfde Persoon weer verskyn. Ja, Hy ken geen skaduwee van omkering nie. Vanaand, by hierdie hemelvaart diens kan ons dieselde Persoon verwag as die Een wat opgevaar het. Hy wat ons sterflike liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak.

***

Daar is selfs ’n derde punt van ooreenkoms tussen wat die hemelvaart was en wat die wederkoms gaan wees. Hy wat in alles altyd aan sy Vader Homself onderwerp het. Hy het alle mag in die hemel en op die aarde. Dit het Hyself verklaar (Matt.28:18)- *Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.* Ook weet ons met sy wederkoms sal gebeur dit wat in Fil.2:10-11 staan- **10**

sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, **11** *en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.* Hy die hoogste, die volmaakte Koning, die Hoof van sy Kerk, Hy regeer maar in alles bly Hy steeds aan sy Vader onderworpe en gehoorsaam. Hy doen nie iets voor sy Vader Hom dit nie beveel nie. Selfs in sy hemelvaart is dit nie sy eie wil nie, maar die wil van die Vader wat Hy volbring. Daarom dat ons ook dit as oordragtelik vertaal het- Hy word opgeneem, (datief van agent as ek die Griekse grammatika reg onthou?), ons Afrikaanse vertaling wys op hierdie oordragtelike...*Hy wat van julle opgeneem is*... Dit dui daarop dat nie net Hy handel nie, maar daar word met Hom gehandel.

Lees ons wat in Op.14 staan, dan het Hy eers weer op die bevel van God die Vader gewag, ja die Menseseun, bly Kneg van God die Vader. Hy wat met die sekel regstaan, maar wat dan eers wag op die bevel om alles te doen na die welbehae van sy wil, of ons kan ook sê na die raad van sy wil. Ons mag hier sien wat ware gehoorsaamheid is. Die woorde in Fil. 2:7-10 is met sy wederkoms nie anders as met sy hemelvaart nie- **7** *maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;* **8** *en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.* **9** *Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is*... Ja, God wat van sy eie Seun kinderlike gehoorsaamheid ontvang, nou nog is Jesus aan sy Vader kinderlik gehoorsaam, daarom dat God dit ook van ons mag verwag. Hoe sukkel ons met net hierdie deel- om aan God waarlik kinderlik gehoorsaam te wees. Jesus sukkel nie daarmee nie.

Broeder en suster- ons sien al hierdie ooreenkomste tussen hemelvaart en wederkoms, die wolk is by albei ter sprake, die Name van Jesus bly dieselfde, ja Hy bly kinderlik God se gehoorsame Kind, Hy sal nie daardie skerp sekel insteek voordat Hy nie bevel daarvoor gekry het nie, maar nou ons tweede punt vanaand is tog om ook raak te sien-

Die ingrypende verskille tussen wat die hemelvaart was en wat die wederkoms gaan wees:

Die eerste verskil wat ons in Op.14 lees dat as Hy kom, gaan daar 'n goue kroon op sy kop wees. Hy het sonder 'n kroon weggevaar, hy gaan met 'n kroon terugkeer. Ja, die dissipels het by sy weggaan, toe het hulle om 'n kroon wou opsit, hulle vra Hom- *gaan U in hierdie tyd die*

koningskap van Israel weer oprig. Dan gee Jesus hulle 'n antwoord wat Hy hulle sonder kroon antwoord- *Dit kom julle nie toe om die tye en die geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie...* Jesus het wel alle mag, Hy vaar op as Koning van die kosmos, maar dan vaar Hy sonder kroon op, Hy verheerlik Homself nie. Al kroon wat op aarde vir Hom was, is die wat die mense op sy kop gedruk het, die doringkroon.

Die tyd het wel gekom en dit is 'n wesensverskil tussen hemelvaart en wederkoms dat Jesus gewag het op die goue kroon wat die Vader Hom gegee het. Hy het na daardie kroon nie Self sou gryp nie! Tog as die laaste dag aanbreek en Jesus kom na ons dan sal die hele wêreld Hom sien met eer en heerlikheid gekroon. Dan sal Hy waarlik nie net wees wat Hy is nie, Hy sal ook lyk wat Hy is, 'n ewige Koning wat nie sonder onderdane kan wees nie. Dan is alles aan Hom onderwerp.

***

Nog 'n verskil tussen die hemelvaart en die wederkoms is dat Jesus weggegaan het, al seënend, want ons lees in Lukas 24:50- ***50*** *En Hy het hulle uitgelei tot by Betánië. En Hy het sy hande opgehef en hulle geseën.* ***51*** *En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem.* Ja, dit is duidelik al seënend vaar Hy weg, ja watter uitermate voorreg en groot gedagte vir ons om vanaand te mag weet, dit is die laaste groot daad wat Jesus vir ons op aarde gedoen het, Hy het ons geseën, Hy het seënend oor ons weggevaar.

Maar as Hy weer kom gaan Hy nie eerstens kom nie om te seën nie maar om te oordeel. Dan is daar 'n skerp sekel in sy hand. Op 14:15- *Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het...* Die einde het dan aangebreek. Ja, ons lees selfs van twee oeste wat ingesamel gaan word. Die graanoes en die wynoes. Die graanoes gaan na die hemelse skure. Watter wonderlike proses om dan as uitverkore kind van God by God opgeneem te word, watter genade om dit te mag ontvang. Die wynoes is waar God se oordeel dan gaan plaasvind. Die wynoes word in die parskuip gegooi, 'n onversigtige oes, die oes word stukkend getrap sodat die bloed van die mense wat vertrap word vloei tot so hoog soos die tooms in die perde se bekke. 'n Vloed van bloed, 'n see van bloed, 'n verskriklike gesig as mens mooi hieroor begin dink. Elke oes het sy eie skuur. Die regverdiges word soos koring geoes en met versigtigheid in God se skuur weggepak

Hier sit ’n geweldige verskil in wat die wederkoms van die hemelvaart betref. Seënend vaar hy weg, Hy gaan kom om te oordeel. Kom ons in die viering van hierdie dag waarlik dink nie net oor glo ek dat Jesus weer gaan kom nie, maar verwag ek Hom werklik. Daardie werklik gerigte lewende verwagting, dat ek en u werklik wil hê dat Hy weer moet kom, dat Hy gou moet kom. Maranatha- Kom Here Jesus, kom gou!

AMEN